# Cheeky Cubs Kleuterskool: Beleid en Prosedures

## 1. Skoolgrondslag

Cheeky Cubs is ’n Christelike kleuterskool. Kleuters sal blootgestel word aan Christelike tradisies soos Bybellesings, gebede en die sing van Christelike liedere. Indien u verkies dat u kleuter nie hieraan deelneem nie, stel ons asseblief skriftelik in kennis.

## 2. Registrasie en Betaling

### Betalingsbeleid

- Skoolgeld is vooruitbetaalbaar op die **eerste skooldag van elke maand**.
- Geen kontantbetalings word aanvaar nie.

- Indien skoolgeld **twee maande (60 dae) agterstallig** is, sal u kleuter nie verder toegelaat word nie en die rekening sal oorhandig word vir invordering.

**Bankbesonderhede**

**Naam:** Cheeky Cubs Preschool

**Bank:** FNB Malelane

**Rekeningnommer:** 6287 1127 059

**Takkode:** 250655

**Verwysing:** U kleuter se naam

**Bewys van betaling:** admin@cheekycubs.co.za

**Aansoekvorm dokumente**

Stuur asseblief gesertifiseerde afskrifte van:

- Geboortesertifikaat van kleuter
- Immuniseringskaart van kleuter
- Beide ouers se ID's

**Geen Terugbetalings**

Geen gelde sal terugbetaal word indien u kleuter afwesig is weens siekte, vakansie, tuisbly of oorskakeling na ’n ander kleuterskool nie.

## 3. Skoolfooie en Tye

**Jaarlikse Registrasiefooi - eenmalig**

- R1430.00 (dek werksboekies, skryfbehoeftes en oorhoofse kostes)

**Skoolgeld (Januarie – Desember)**

- Jaarlikse skoolfonds moet **voor 20 Desember** ten volle betaal wees.
- Geen rapporte sal uitgereik word indien gelde nie op datum is nie.

**Ure en Tariewe**

| **Tydperk** | **Tarief per maand** |
|---|---|
| 07:00 – 13:00 | R2695.00 |
| 07:00 – 14:30 | R2887.50 |
| 07:00 – 15:30 | R3080.00 |

| Tydperk | Tarief per maand |
|---|---|
| 07:00 – 16:30 | R3272.50 |
| **Dagopsie** | **Tarief** |
| Halfdag (07:00 – 13:00) | R165.00 |
| Vol dag (07:00 – 16:30) | R330.00 |

**Ontbyt**

- Ontbyt kan voorsien word teen R220 per kind per maand.

**Nasorg**

- 13:30 – 16:30
- Addisionele koste: R192.50 per uur
- Volle nasorg (tot 16:30): R577.50 per maand
- Indien u kind nie vir voldagprogram ingeskryf is nie, en wel in die middag bly vir nasorg, sal daar 'n R30 per middag nasorgfooi gehef word.

10 Furley Street | PO Box 369 | Komatipoort | 1340 | ✆ +27 84 746 3306
Reg no: 2020/762251/07 | admin@cheekycubs.co.za

## Laat Afhaal en Boetes

- BOETE - R100 per uur indien u kleuter ná 16:30 afgehaal word.

## 4. Daaglikse Benodigdhede

- Skooltasse moet daagliks gepak wees met:
  - ’n Ekstra stel skoon klere en onderklere
  - Kosblik en drankie (geen lekkers asseblief)
  - Merk alle items duidelik
- Indien u kleuter nasorg bywoon, pak asseblief ’n **tweede kosblik**.
- Babas: Ouers is verantwoordelik vir doeke, wet wipes, boudsalf, bottels en ekstra klere. ’n Lys van benodigdhede sal voorsien word met inskrywing.

**5. Gesondheid en Veiligheid**

- Kyk gereeld vir kopluise en was hare met luis-shampoo.
- Siek kleuters moet tuis bly. Geen kind met **groen of geel neusafskeiding**, **aanhoudende hoes**, **koors**, **diaree** of ander **simptome van infeksie** sal toegelaat word nie. Indien simptome tydens die skooldag voorkom, moet die kleuter **onmiddellik afgehaal** word.
- Kleuters mag eers terugkeer wanneer hulle **simptoomvry is vir 24 uur sonder medikasie**, of met 'n **doktersertifikaat** wat bevestig dat hulle nie meer aansteeklik is nie.

**6. Administrasie en Kommunikasie**

- Stel die skool onmiddellik in kennis van enige verandering in selfoonnommer of woonadres.
- Indien iemand anders u kleuter afhaal, moet dit vooraf **skriftelik of telefonies** bevestig word.
- Geen slimhorlosies word toegelaat nie – dit steur die klasaktiwiteit.

7. **Vervoerbeleid**

- Ouers is direk aanspreeklik vir die vervoer van hul kleuters na en van die kleuterskool.
- Geen onderwyser mag 'n kleuter na hul ouerhuis vervoer nie tensy vooraf goedkeuring ontvang is vanaf die skoolhoof.
- Indien u van **bus- of taksievervoer** gebruik maak, is dit u verantwoordelikheid om die bestuurder volledig in te lig oor:
  - Skoolreëls en -tye
  - Belangrike kommunikasie wat van tyd-tot-tyd deurgegee word
- Indien u as ouer u kind self kom afhaal in plaas van die gewone bus-/taksiebestuurder, **kontak asseblief beide die juffrou en die kantoor** vooraf.

  Nb: Indien geen kommunikasie ontvang word nie, sal daar aanvaar word dat vervoerreëlings **onveranderd** bly.

**8. Akademiese- en Skoolaktiwiteite**

- Gr RR & R leerlinge moet daagliks die kleuterskool bywoon – hierdie jare is **verpligtend**.
- Skoolgereedheidstoetse vir Gr R word intern afgeneem deur 'n 3rde party. Privaat toetsing is opsioneel.
- Skoolkwartale en vakansiedae stem waar moontlik ooreen met provinsiale skole.

## 9. Kleredrag

- By alle skoolaangeleenthede moet kleuters **Cheeky Cubs T-hemp en hoed** dra.

## 10. Toestemming vir Sosiale Media en Bemarking

Cheeky Cubs Kleuterskool mag van tyd tot tyd foto's of video's van kleuters neem tydens skoolaktiwiteite, uitstappies of spesiale geleenthede. Hierdie beeldmateriaal kan gebruik word vir:

- Sosiale media platforms (bv. Facebook, Instagram)
- Bemarkingsmateriaal (bv. plakkate, brosjures, webwerf)
- Interne kommunikasie met ouers (bv. WhatsApp-groepe, nuusbriewe)

In ooreenstemming met die **Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA)**, sal geen beeldmateriaal gedeel word sonder u vooraf toestemming nie. Geen name of persoonlike besonderhede sal gepubliseer word sonder uitdruklike toestemming nie.

**Deur die aansoekvorm te onderteken, gee u toestemming dat Cheeky Cubs Kleuterskool beeldmateriaal van u kind mag gebruik soos hierbo uiteengesit.** Indien u nie toestemming wil gee nie, stel ons asseblief skriftelik in kennis.